MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 15/2025 **23 Oktober 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

Discipline is the soul of an army. It makes small
Intelligence plus character—that is the goal of true education.

Martin Luther King Jr.

Verlede Woensdagoggend, om en by negeuur, met die wegsterf van die laaste eggo's van #MidstreamPower, is daar menige traan deur matrieks, ouers en onderwysers gepink. Ons het eerstens van die 2025-klas en hul ouers in die saal afskeid geneem. Daarna het die matrieks na buite gestap, waar die hele skool hulle ingewag het en die hoofleiers, Renate en Louis, op gepaste wyse van die skool afskeid geneem het. Daarna het elke graad 12 die voorreg gehad om die groot ghong te slaan om so die einde van hul hoërskoolloopbaan te simboliseer. Toe hulle aan die begin van hul graad 8-jaar — nog onder Covid-regulasies — een vir een die klein ghong in die ouditorium geslaan het, is die grondslag vir hierdie groep se sterk karakter reeds gelê.

Sterkte met jul eindeksamen Midstream-matrieks, ons gaan julle voorwaar mis. Ons glo julle het genoeg kennis en karakter om die eksamen en die lewe na skool vierkantig in die oë te kyk.

Geluk aan elke leerder wat gisteraand tydens ons jaarlikse prysuitdeling erkenning ontvang het. 'n Spesiale saluut aan al die leerders wat in die Excellentia-kategorie vereer is. In besonder welgedaan aan Louis Verhoef die Midstreamer van die Jaar, asook Tsebo Lekalakala en Lente Groenewald wat onderskeidelik die Ambassadeurstrofee en die Alsydigheidtrofee ontvang het.

Ek hoop om ook baie van julle vanaand (Donderdag) by ons jaarlikse (p)Articipate-gala-aand by Midstream Ridge te sien.

Neem asseblief kennis van die skoolkwartale vir 2026 en 2027 wat hieronder uiteengesit is. Reël vakansies dienooreenkomstig ☺. Ek is dankbaar om te rapporteer dat die skoolgelde vir 2026 met slegs 5% styg. Ek hoop om alle graad 8- tot 11-leerders volgende jaar weer hier te sien.

Ek herinner julle graag aan ons tweede aandskool hierdie jaar op Donderdag 30 Oktober. Ek wil vervolgens elke graad 8- tot 12-ouer na ons laaste Koffie-met-Carel-geleentheid hierdie jaar uitnooi wat vir Donderdag 6 November om 07:30 geskeduleer is. Gedurende hierdie vroegoggend informele kuier in die College HUB, kry ons die geleentheid om mekaar beter te leer ken en oor die dinamiese College-omgewing te gesels. RSVP via die volgende skakel indien u dit graag wil bywoon: K-M-C.

2026-Kalender

KWARTAAL	OPEN	SLUIT	PUBLIEKE VAKANSIEDAE
1	Woensdag 14 Januarie	Vrydag 27 Maart	
2	Dinsdag 14 April	Vrydag 26 Junie	Maandag 27 April (Vryheidsdag) Dinsdag 28 April (Skoolvakansie) Woensdag 29 April (Skoolvakansie) Donderdag 30 April (Skoolvakansie) Vrydag 1 Mei (Werkersdag) Dinsdag 16 Junie (Jeugdag)
3	Dinsdag 21 Julie	Woensdag 23 September	Sondag 9 Augustus (Vrouedag) Maandag 10 Augustus (Vakansiedag)
4	Dinsdag 13 Oktober	Woensdag 2 Desember	

2027-Kalender

KWARTAAL	HEROPEN	SLUIT	PUBLIEKE VAKANSIEDAE
1	Woensdag 13 Januarie	Vrydag 19 Maart	
2	Dinsdag 13 April	Vrydag 25 Junie	Maandag 26 April (Spesiale skoolvakansie) Dinsdag 27 April (Vryheidsdag) Woensdag 16 Junie (Jeugdag)
3	Dinsdag 20 Julie	Vrydag 17 September	Maandag 9 Augustus (Vrouedag)
4	Dinsdag 5 Oktober	Woensdag 1 Desember	

FOOISTRUKTUUR – 2026

Registrasiefooi per leerder	R500
Deposito per leerder	R11 000
Skoolfooie per jaar per leerder (Gr. 8) uitsluitende IT-heffing van R950	R88 900
Skoolfooie per jaar per leerder (Gr. 9) uitsluitende IT-heffing van R1 370	R94 100
Skoolfooie per jaar per leerder (Gr. 10 – 12) uitsluitende IT-heffing van R1 680	R98 200
Skoolfooie per maand per leerder (Gr. 8) Skoolfooie per maand per leerder (Gr. 9) Skoolfooie per maand per leerder (Gr. 10 – 12)	R8 890 R9 410 R9 820

- ‘n Nie-rentegewende deposito van R11 000 is betaalbaar indien die leerder toegelaat word, en is slegs terugbetaalbaar wanneer die ouer ‘n kwartaal vooraf skriftelike kennisgewing gee. **Die registrateur is ook by magte om die deposito, in gevalle waar betalings in gebreke bly, aan te pas.**
- Die skoolfooie is betaalbaar oor tien (10) maande.
- ’n Afslag van 5% is van toepassing indien die volle bedrag voor einde Januarie betaal word.
- Rekeninge word elke maand gefaktureer en moet voor die 7de van die volgende maand ten volle vereffen wees. Indien nie, sal die leerder nie die volgende maand tot die skool toegelaat word nie, en rente sal teen 2% per maand gehef word.

AKADEMIE		**Klik op die skakel vir meer uitslae.**
SPORT		**Klik op die skakel vir sportuitslae.**
KULTUUR		**Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**

Kersfeessosiaal

Midstream College is trots op ons terreinpersoneel en wil 'n verskil in hul lewens maak. Maak 'n minimumskenking van R50.00 om die sosiale geleentheid van die jaar te geniet. Klik op die skakel vir skenkings en meer inligting:

Sosiaal

THE UNIFORM SHOP BESIGHEIDSURE

DESEMBER 2025 & JANUARIE 2026	
3 Desember	07:00 – 16:00
4 – 12 Desember	08:00 – 16:00
Saterdag 13 Desember	09:00 – 13:00
Maandag 15 Desember	08:00 – 15:00
Maak asseblief 'n afspraak vir Saterdag en Maandag	
16 Desember 2025 – 4 Januarie 2026	**Gesluit**
5 – 9 Januarie	08:00 – 16:00
Saterdag 10 Januarie	09:00 – 13:00
Maak asseblief 'n afspraak vir Saterdag	
12 – 13 Januarie	08:00 – 17:00
14 Januarie	07:00 – 17:00
Vir dringende versoeke, WhatsApp of bel 064 937 0551	